

**Donderdag 17 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:29-34**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:33**

**Om met water gedoop te word, is om deel te kry aan Hom wat met die  
Heilige Gees doop**

Uit gereformeerde hoek gesien, is die sakrament van die doop, die besprinkeling met water, 'n ware genadeteiken. Dit is nie die handeling met betrekking tot die gebeure rondom die doop wat die genade bewerk nie, maar die genade is te danke aan die liefde van Jesus en die werking van sy Gees.

Om die werking van die Heilige Gees in dié proses te kan verstaan, vertel 1 Korintiërs 12:13 ons dat alle gelowiges gedoop word en dat alle gelowiges vervul word met die Heilige Gees (die inwoning van die Gees). In Efesiërs 4:5 word die Gees in dieselfde konteks geplaas as één Here en één geloof, en so kan ons die Heilige Gees se werking in ons lewe dan as 'n werklikheid aanvaar.

Deur die doop (in die Heilige Gees) kry ons deel van Jesus se dood, sy graf en sy heropstanding. Dit vorm die basis van die losmaking in en deur Jesus van ons sondige ou natuur en daarom kan ons deur die krag van sy Gees as nuwe mense lewe (Rom. 6:1-10; Kol. 2:12).

So word ons dus weereens bewus gemaak van die een groot troos in die lewe ... die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here (Rom. 6:23). As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word (Rom. 10:9)

*Ds. JH (Jan) Venter (Venterstad)*